LOM Business Solutions h/a Set LK Transcribers/MLS

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

PRETORIA

SAAK NO: 23656/05

DATUM: 2007-11-06

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE
(1) RAPPORTEERBAAR JA/NEE
(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS JA/NEE
(3) HERSIEN

DATUM 13/11/08 HANDTEKENING

In die saak tussen

VIV'S TIPPERS (EDMS) BEPERK — Eiser

en

PHA PHAMA AFRICA STAFF SERVICES — Verweerder

---

## U I T S P R A A K

---

DU PLEESIS, R: Die eiser in hierdie saak verhuur vragmotors uit. In die loop van September 2004 het die eiser 'n sekere Mercedes Benz vragmotor uitverhuur aan 'n instansie met die naam van Lone Rock. Lone Rock doen besigheid as 'n ontwikkelaar en in die proses doen Lone Rock klaarblyklik ook die konstruksiewerk waarvoor die vragmotors dan gebruik word.

Oor die langnaweek van 23 tot 26 September 2004 was een van die vragmotors, 'n Mercedes Benz, wat die eiser aan Lone Rock verhuur het in 'n toegespande kamp by die konstruksieperseel van Lone Rock. Dit is die naweek daar gelaat deur die bestuurder daarvan wat die sleutels van die vragmotor na die eiser se kantore toe teruggeneem het. Ek mag meld dat die vragmotor, soos verskeie ander vragmotors, aan Lone Rock verhuur is met 'n bestuurder.

Oor daardie naweek, en meer in besonder op die Sondag, is die vragmotor in omstandighede wat ek netnou sal vermeld, uit die kamp uit gesteel.

Ingevolge 'n ooreenkoms tussen Lone Rock en die verweerder verrig die verweerder sekuriteitsdienste by die betrokke kamp en oor die betrokke naweek was daar 'n wag van die verweerder op diens by daardie kamp. Dit blyk uit die getuienis van 'n direkteur van die eiser, mnr Viviers, wat in wese hoorsêgetuienis is, maar wat aan die anderkant nie werklik betwis is nie, dat die vragmotor uit die kamp uit geneem is onder die volgende omstandighede.

Persone het met 'n brief daar aangekom wat hulle aan die wag oorhandig het. Volgens die brief is die persone opdrag gegee om die betrokke vragmotor te herstel en om dit daarna uit die kamp uit te neem om te toets. Meer omstandighede oor die verdwyning van die vragmotor is nie werklik bekend nie, maar die resultaat van al hierdie optredes is dat die vragmotor weg is en dat die eiser beweer dat hy skade gely het synde die waarde van die vragmotor. Die grondslag waarop die eiser dit beweer is dat hy die eienaar van die vragmotor is.

Die eiser spreek nou die verweerder aan vir die skade wat hy as gevolg van die verlies van die vragmotor gelyk het. Die eiser beweer naamlik dat die verweerder 'n regsplig teenoor die eiser gehad het om toe te sien dat eiendom wat op die perseel wat deur die verweerder se werknemers bewaak was, nie sonder toestemming of onregmatig verwyder word nie.

Die eiser beweer voorts dat die betrokke wag op die Sondag waarop die vragmotor verwyder is in die loop en bestek van sy diensplig as werknemer van die eiser opgetree het en dat die wag nalatig was deur te reageer op die brief wat aan hom oorhandig is. Op daardie grond voer die eiser dus aan dat die verweerder middellik aanspreeklik is om sy skade te vergoed.

In die eerste plek moes die eiser natuurlik bewys het dat hy die eienaar van die voertuig is. In die tweede plek moes die verdere elemente van 'n onregmatige daad natuurlik bewys word, naamlik onregmatigheid, skuld en kousale verband tussen die handeling van die verweerder (die wag in hierdie geval) en die gevolglike skade.

Ter bewys van sy saak het die eiser drie getuies geroep, die direkteur van die eiser, naamlik mnr Viviers, die betrokke bestuurder van die vragmotor en dan 'n werknemer van Lone Rock. Omdat meeste van die feite in hierdie saak gemeensaak is, is dit nie vir my nodig om die getuienis in die geheel op te som nie.

Kortliks kom die getuienis daarop neer, vir sover dit ter sake is op hierdie stadium, dat die eiser met Lone Rock 'n mondelinge kontrak gehad het ingevolge waarvan die eiser heelwat voertuie op 'n slag aan

Lone Rock verhuur het. Mnr Viviers het getuig dat hy ten minste stilswyend die vragmotors aan Lone Rock verhuur het op die grondslag dat Lone Rock dit in die kamp saam met hulle toerusting sou sit en dat daar sekuriteitsdienste sou wees.

Hy het ook getuig dat die eiser slegs aanspreeklik sou wees vir skade wat deur die eiser se eie nalatigheid of nalatigheid van die eiser se werknemers aan die voertuie aangebring word wanneer dit in besit van Lone Rock is. Hy het geïmpliseer dat Lone Rock dan vir alle ander skade aan die voertuig aanspreeklik sou wees.

Ek moet sê dat my indruk nie was dat mnr Viviers eintlik in daardie verband besig was om uitdruklike terme van die kontrak weer te gee nie. Hy was eerder besig om na wat hy meen die terme van die kontrak stilswyend sou wees of moontlik selfs die regs effek van die kontrak te verduidelik. Dit is egter nie in die konteks van hierdie saak belangrik om daaroor te beslis nie.

Die vragmotorbestuurder se getuienis neem die saak eintlik nie verder nie en kom maar net kortliks daarop neer dat hy wel die voertuig die Donderdag by die perseel in die kamp gelaat het onder die bewaking van die sekuriteitswagte, dat hy die sleutel na die eiser se kantore toe geneem het en dat hy vir die naweek weg is. Die Sondagaand het hy teruggekom, maar hy is eers na die perseel toe die Maandagoggend waar hy toe vasgestel het dat die voertuig gesteel is.

Wat die diefstal van die voertuig self betref, kon hy nie veel lig daarop werp nie, maar mnr Viviers het wel getuig dat hy van die brief te hore gekom het toe hy op advies van Lone Rock die verweerder

geskakel het waar een van die verweerder se werknemers hom van die brief ingelig het en hom inderdaad ook 'n afskrif van die brief gegee het. 'n Afskrif van die brief is trouens ook deel van die bundel van dokumente wat voor die hof is en is deur die partye as 'n bewysstuk behandel.

Die voorman van Lone Rock se getuienis neem die saak ook nie veel verder nie. Wat wel uit sy getuienis blyk is dat dit wel gebeur dat voertuie oor naweke herstel of gediens moet word, maar so het hy getuig, as dit gebeur dan reël hy of iemand anders namens die verweerder vooraf met die betrokke wag. Dit is duidelik dat daardie prosedure nie in hierdie geval gevolg is nie.

Wat verder deel van die getuienis is, is 'n afskrif van die terme en voorwaardes van die skriftelike kontrak tussen Lone Rock en die verweerder ingevolge waarvan die verweerder die sekuriteitsdienste gelewer het. Ek sal later na die terme van die kontrak toe terugkom.

Ek het reeds daarop gewys dat dit vir die eiser was om te bewys dat hy die eienaar van die betrokke vragmotor is. In daardie verband is daar mnr Viviers se getuienis en het hy ook 'n registrasiesertifikaat aan die hof voorgelê waaruit dit blyk dat die voertuig waarskynlik in die naam van die eiser geregistreer is.

Ek moet sê dat mnr Viviers se getuienis nie baie spesifiek was nie en dat hy eintlik nie van veel hulp was om te bepaal hoe daar vir die voertuig betaal is, van wie die voertuig aangekoop is, op watter wyse dit aangekoop is, is dit kontant aangekoop ensomeer nie. Ek is egter van

mening dat dit vir doeleindes van hierdie uitspraak aanvaar kan word dat die eiser die eienaar van die voertuig is.

Die meer belangrike vraag is of daar bewys is dat die verweerder onregmatig opgetree het. In die beslissing van *Compass Motors Industries ((Pty)) Limited v Call Guard ((Pty)) Limited* 1990 2 SA 520 (W) is beslis dat, waar 'n sekuriteitsmaatskappy in omstandighede soortgelyk aan die onderhawige sekuriteitsdienste kragtens ooreenkoms met die eienaar van 'n perseel verrig, het daardie maatskappy 'n regsplig om toe te sien dat alle voertuie wat regmatig op die perseel geparkeer is nie gesteel word nie.

In kort gestel is daar dus in daardie saak beslis dat in daardie geval die sekuriteitsmaatskappy ook 'n regsplig gehad het teenoor die eienaar van 'n voertuig wat nie 'n kontrak met die sekuriteitsmaatskappy gehad het nie, maar wat dit toevallig op die perseel geparkeer het. Dit blyk nie uit daardie uitspraak presies op watter grondslag en vir watter rede die voertuig op die perseel was nie.

Die beslissing dat daar 'n regsplig bestaan soos wat in die *Call Guard* saak beslis is, is ook nagevolg in 'n verdere beslissing in die saak van *Longwera v Securitas of South Africa (Pty) Limited* 1998 4 SA 258 (W).

Vir sover daar in daardie sake beslis word dat dit as 'n algemene reël gestel kan word dat 'n sekuriteitsmaatskappy wat kragtens kontrak dienste verrig, ook 'n regsplig het teenoor alle persone wie se goedere regmatig op daardie perseel is, kan ek nie daarmee saamstem nie en

meen ek dat dit klaarblyklik verkeerd is. So 'n algemene reël is na my mening nie toepaslik in ons reg nie.

In die beslissing van die appèlhof in *Minister van Polisie v Euwels* 1975 3 SA 590 (A) op 596 H tot 597 A het Rumpff HR die posisie uiteengesit. Ek gaan nie dit volledig aanhaal nie, maar in die eerste plek wys die geleerde hoofregter daarop dat as uitgangspunt word daar aanvaar dat daar in die algemeen nie 'n regsplig op 'n persoon rus om te verhinder dat iemand anders skade ly nie, al sou so 'n persoon maklik kon verhoed het dat die ander persoon skade ly. Die hof het voortgegaan en beslis dat daar wel gevalle is waar die reg so 'n plig op 'n persoon plaas en in daardie verband haal ek die toets aan wat deur die appèlhof neergelê is.

> "Dit skyn of die stadium van ontwikkeling bereik is waarin 'n late as onregmatige gedrag beskou word ook wanneer die omstandighede van die geval van so 'n aard is dat die late nie alleen morele verontwaardiging uitlok nie, maar ook dat die regsoortuiging van die gemeenskap verlang dat die late as onregmatig beskou behoort te word en dat die gelede skade vergoed behoort te word deur die persoon wat nagelaat het om daadwerklik op te tree. Om te bepaal of daar onregmatigheid is, gaan dit, in 'n gegewe geval van late, dus nie oor die gebruiklike "nalatigheid" van die *bonis parterfamilias* nie, maar oor die vraag of, na aanleiding van al die feite, daar 'n regsplig was om redelik op te tree."

Wat duidelik hieruit blyk, is dat die algemene reël is dat daar volgens die feite in elke geval bepaal moet word of daar volgens die regsoortuiging dan 'n regsplig op die persoon geplaas moet word om op te tree.

Dit is die vraag wat in hierdie geval beoordeel moet word. By beoordeling van daardie vraag moet in die eerste plek in ag geneem word dat die rede waarom die verweerder op die perseel teenwoordig was en daar sekuriteitsdienste gelewer het juis was omdat die verweerder 'n kontrak met Lone Rock gehad het om daardie diens te verrig. Lone Rock is die entiteit wat die verweerder betaal het om die dienste op daardie betrokke perseel te verrig.

Die vraag is of daardie teenwoordigheid van die verweerder dan volgens die regsoortuiging 'n regsplig op die verweerder plaas om ook die eiser se voertuie op te pas.

In daardie verband meen ek dat die kontrak tussen Lone Rock en die verweerder kennelik een van die faktore is wat in ag geneem moet word om te bepaal of die gemeenskapsoortuiging so 'n regsplig op die verweerder plaas. Volgens daardie kontrak sou die verweerder die sekuriteitsdienste lewer en sou Lone Rock die verweerder maandeliks daarvoor vergoed. Volgens die kontrak, spesifiek klousule 4 daarvan, was die verweerder verplig om te poog om deur sy dienste ondermeer diefstal te voorkom of te verminder, maar die kontrak bepaal uitdruklik dat alhoewel die verweerder dit tot die beste van sy vermoë sal doen, die verweerder nie waarborg dat skade weens diefstal nie sal intree nie. Die kontrak bepaal ook, steeds in klousule 4, dat die verweerder

nie aanspreeklik gehou kan word vir enige skade of verlies wat op die perseel gely word nie.

Wat die effek dus van die eiser se saak teen die verweerder is, is dat die verweerder, wat juis vanweë 'n kontrak op die perseel is, 'n hoër plig teenoor die eiser het as wat die verweerder selfs teenoor Lone Rock het. Anders gestel, Lone Rock wat die verweerder vir die dienste betaal en wat die verweerder na die perseel toe laat kom het kry 'n mindere beskerming volgens die eiser se saak as wat die eiser self kry wat eerstens nie vir die dienste betaal het nie en tweedens in elk geval geen kontrak met Lone Rock het nie. Ek meen nie dat die gemeenskap se regsoortuiging in daardie omstandighede sodanige regsplig op die verweerder plaas nie.

Ek wil benadruk dat dit gaan oor die spesifieke feite van hierdie saak en dat ek nie probeer sê dat daar 'n algemene reël is dat so 'n sekuriteitsmaatskappy en sy wagte geen regsplig teenoor derdes sal hê nie. Ek meen egter dat daar, as daar na al die feite gekyk word nie in hierdie geval 'n regsplig op die verweerder teenoor die eiser rus om te verhoed dat die eiser se vragmotor gesteel word nie.

Bowendien moes die eiser natuurlik ook bewys het dat die verweerder se werknemer nalatig opgetree het in die loop en bestek van sy diensplig. Ek meen dat die getuienis, karig soos dit is, waarskynlik aantoon dat die betrokke werknemer wel in die loop van sy diensplig by die verweerder opgetree het, maar dit is nie vir my nodig spesifiek 'n bevinding daaroor te maak nie.

Wat die nalatigheid betref meen ek nie dat die eiser genoeg gedoen het om te bewys dat die betrokke wag onredelik opgetree het nie. Daarvoor is die getuienis voor die hof eenvoudig te karig. 'n Mens weet nie wat daar gebeur het nie. Die enigste feit wat 'n mens weet, is dat daar 'n brief waarin daar weliswaar sekere spelfoute voorkom aan die persoon oorhandig is en dat die persone wat die brief oorhandig het met 'n bakkie daar aangekom het. 'n Mens weet dat die wag nie heeltemal op sy gemak kon gewees het nie, want dit blyk uit die getuienis dat hy wel die bakkie se registrasienommer neergeskryf het. In die afwesigheid van 'n meer volledige prentjie oor wat daar gebeur het, meen ek nie dat die afleiding van nalatigheid gemaak kan word en gesê kan word dat die wag onredelik opgetree het deur te reageer op wat oënskynlik 'n brief is wat die persone magtig om die voertuig reg te maak nie. 'n Mens sal moet weet wat presies daardie dag daar gebeur het, hoe hulle opgetree het en wat hulle handelinge was om te bepaal of die wag inderdaad onredelik opgetree het of nie.

Ek meen dus ook nie dat die eiser daarin geslaag het om te bewys dat die was nalatig was nie. By gevolg meen ek dat die eiser nie kan slaag nie.

Die eiser se eis word van die hand gewys met koste.

-----